

Die nuwe verbond



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Jeremia 31:31–34; Matthéüs 5:17–28; Hoséa 2:18–20; Jesaja 56:6, 7; Hebreërs 8:7, 8; Hebreërs 10:4; Matthéüs 27:51.

Geheeteks:

“Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit” (*Jeremia 31:31*).

Jare gelede het ‘n spotprentjie in ‘n tydskrif ‘n uitvoerende beampte wat voor ‘n ander groep beamptes in ‘n kantoor staan, uitgebeeld. Hy het ‘n kartonhouer vol waspoeier in sy hande gehou en dit aan die ander mans en vroue getoon. Baie trots het hy na die woord Nuut wat in groot rooi letters op die houer gedruk was, gewys, wat natuurlik geïmpliseer het dat die produk ook nuut was. Die beampte het toe gesê, “Dis die ‘N uut’ op die houer wat nuut is.” Met ander woorde, al wat verander het, was net die woord Nuut op die houer. Verder was alles dieselfde. In ‘n sekere sin kan gesê word dat dit die geval met die nuwe verbond ook is. Die grondbeginsels van die verbond, die basiese hoop wat dit ons gee, die grondliggende voorwaardes daarvan, is dieselfde as die ou verbond s’n. Dit was nog altyd ‘n verbond van God se genade and goedertierenheid, ‘n verbond wat op liefde gegrond is wat die swakhede en neerlae van die mens verreweg oortref.

Hierdie week met een oogopslag: Watter ooreenkomste is daar tussen die ou en nuwe verbonde? Watter rol speel die wet in die verbond? Met wie was die verbond gesluit? Wat word in Hebreërs met die woorde “‘n beter verbond” bedoel? (*Hebreërs 8:6*). Wat is die verwantskap tussen die verbond en die hemelse heiligdom?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 Junie.*

Kyk, daar kom dae . . .

Lees Jeremia 31:31–34 en beantwoord die volgende vrae:

1. Wie is dit wat die verbond aanspoor?

2. Van wie se wet word hier gepraat? Watter wet is dit?

3. Watter verse beklemtoon die verhoudingsaspek wat God met sy volk wil hê?

4. Watter handeling van God namens sy volk vorm die grondslag van daardie verbondsverhouding?

Dit is duidelik: Die nuwe verbond is nie iets wat baie van die ou verbond wat met Israel by Berg Sinai gesluit was, verskil nie. Dit is ‘n feit dat die probleem met die Sinai-verbond nie was dat dit oud of oudmodies was nie. Die probleem was liever dat dit verbreek was (*lees Jeremia 31:32*). Die antwoorde op bogenoemde vrae wat in daardie vier verse gevind word, bewys dat baie fasette van die “ou verbond” dieselfde in die nuwe een bly. Die “nuwe verbond” is, in ‘n sekere sin, ‘n “verlengde verbond”. Dit is die voltooiing, of die vervulling van die eerste een.

Fokus op die laaste gedeel van Jeremia 31:34 waar die Here sê dat Hy die ongeregtigheid en sondes van sy volk sal vergewe. Selfs al sê die Here dat Hy sy wet op ons harte sal skryf en in ons binneste sal gee, beklemtoon Hy dat Hy ons sondes en ongeregtighede sal vergewe, wat natuurlik op die wet wat in ons harte geskryf is, inbreuk maak. Sien jy enige weersprekings of teenstellings in hierdie gedagtes? Indien nie, hoekom nie? Wat beteken dit om, soos Romeine 2:15 sê, die wet op ons harte geskrywe te hê? (*Matthéüs 5:17–28*).

Hoe kan vandag se verse gebruik word om die argument dat die Tien Gebooie op een of ander manier (of meer spesifiek, die Sabbat) onder die nuwe verbond tot niet verklaar is, te beantwoord? Is daar enigsins iets in daardie verse wat dit bevestig? Indien daar is, hoe kan daardie verse gebruik word om die bestendigheid van die wet te bewys?

Om met die hart te werk

Toe die tyd van die suidelike koninkryk van Juda se einde aangebreek het en die volk na Babel weggevoer was, het God deur sy profeet Jeremia die “nuwe verbond” aangekondig. Dit is die eerste keer wat hierdie gedagte in die Bybel genoem word. Maar, toe die tien stamme van die noordelike koninkryk van Israel se tyd van verstrooiing aangebreek het (so honderd-en-vyftig jaar voor Jeremia se tyd), het Hoséa ook die gedagte van ‘n ander verbond genoem (*Hoséa 2:18–20*).

Lees Hoséa 2:18–20. Let op na die ooreenkoms tussen wat die Here hier aan sy volk sê teenoor wat Hy in Jeremia 31:31-34 sê. Watter gemeenskaplike beeldspraak word gebruik, en, weereens, wat sê dit oor die grondliggende betekenis en aard van die verbond?

Gedurende die oomblikke in die geskiedenis toe God se planne vir sy verbondsvolk gekniehalter was deur hulle opstand en ongeloof, het Hy profete gestuur om aan te kondig dat die verbondsgeskiedenis van sy getroues nie tot ‘n einde gekom het nie. Dit het nie saak gemaak hoe ontrou die volk was nie, ongeag die afvalligheid, opstand, en ongehoorsaamheid onder hulle, die Here het nogtans sy gewilligheid bekendgemaak om ‘n verbondsverhouding met almal wat gewillig was om hulle te bekeer, te gehoorsaam, en sy belofte toe te eien, te sluit.

Slaan die volgende verse na. Alhoewel hulle nie spesifiek ‘n nuwe verbond noem nie, watter elemente word in hulle gevind wat die beginsels in die nuwe verbond weerspieël?

Eségiël 11:19 _____

Eségiël 18:31 _____

Eségiël 36:26 _____

Die Here sê: “Ek sal hulle ‘n hart gee om My te ken, dat Ek die HERE is” (Jeremia 24:7). Hy sal “die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle ‘n hart van vlees gee” (Eségiël 11:19), en Ek sal julle “‘n nuwe hart’” en “‘n nuwe gees’” gee (*Eségiël 36:26*). Hy sê ook, “Ek sal my Gees in jul binneste gee” (*Eségiël 36:27*). Hierdie werk van God is die fondament van die nuwe verbond.

As iemand na jou toe sou kom en sê, “Ek wil ‘n nuwe hart hê, Ek wil die wet in my hart geskrywe hê, Ek wil ‘n hart hê wat die Here ken — maar ek weet nie hoe om dit te kry nie,” wat sou jy vir daardie persoon sê?

Die ou en nuwe verbonde

“ ‘En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie onheililig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal ‘n huis van gebed genoem word vir al die volke’ ” (*Jesaja 56:6, 7*).

Jeremia verklaar dat die nuwe verbond met die “ ‘huis van Israel’ ” gesluit sal word (*Jeremia 31:33*). Beteken dit dan dat net die letterlike saad van Abraham, Jode deur geboorte, die verbondsbeloftes sal ontvang? Nee! Om die waarheid te sê, dit was selfs nie waar in Ou Testamentiese tye nie. Dat die verbondsbeloftes aan die Hebreëuse nasie in geheel gegee was, is natuurlik so. Maar, dit was nie gedoen om ander uit te sluit nie. Intendeel, Jood en heiden, was genooi om aan die beloftes deel te hê, maar hulle moes instem om die verbond te aanvaar. Dit is geensins anders vandag nie.

Lees die teksverse in Jesaja wat hierbo aangehaal word. Watter voorwaardes moet hulle wat die Here wil dien, nakom? Is daar werklik enige verskil in wat God hulle gevra het en wat Hy ons vandag vra? Verduidelik jou antwoord.

Hoewel die nuwe verbond “n “beter” verbond genoem word (Woensdag se studie), is daar werklik geen verskil in die basiese beginsels van beide die ou en die nuwe verbond nie. Dit is dieselfde God wat dieselfde verlossing deur genade aanbied (*Exodus 34:6, Romeine 3:24*); dit is dieselfde God wat ‘n volk soek wat deur geloof sy beloftes van vergifnis vir hulleself sal toe-eien (*Jeremia 31:34, Hebreërs 8:12*); dit is dieselfde God wat verlang om sy wet in die harte van Jood of heiden wat met Hom ‘n geloofsverhouding wil aangaan, te skryf (*Jeremia 31:33, Hebreërs 8:10*). In die Nuwe Testament het die Jode wat op die “verkiesing van die genade” gereageer het, Jesus Christus en sy evangelie aanvaar. Vir ‘n tydperk was hulle die hart van die kerk, die “oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade” (*Romeine 11:5*) in teenstelling met hulle wat “verhard” was (*Romeine 11:7*). Terselfdertyd het die heidene wat vroeër nie geglo het nie die evangelie aanvaar, en was toe in God se ware volk wat uit mense van alle rasse bestaan het, ingeënt (*Romeine 11:13–24*). Die heidene wat “sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte”, (*Efésiërs 2:12*) het dus deur die bloed van Christus “naby gekom”. Christus is die Middelaar van die “nuwe verbond” (*Hebreërs 9:15*) vir alle gelowiges ongeag nasionaliteit of ras.

“’n Beter verbond” (*Hebreërs 8:6*)

Ons het gister gesien dat wat die grondliggende beginsels betref, die ou en nuwe verbonde dieselfde was. Die hoofsaak is verlossing deur geloof in ‘n God wat ons sondes vergewe, nie omdat ons dit werd is nie, maar deur Sy genade alleen. As gevolg van hierdie vergifnis begin ons ‘n verhouding met Hom deur alles oor te gee en in Hom te glo, en Hom te gehoorsaam. Tog noem die boek van Hebreërs die nuwe verbond ‘n “beter verbond.” Hoe verstaan ons dit? Hoe is een verbond dan beter as die ander een?

Wat was dan “fout” met die ou verbond? (*Hebreërs 8:7, 8*).

Die ou verbond se probleem was nie die verbond self nie, maar die mense se tekortkominge om dit met die geloof te verenig (*Hebreërs 4:2*). Die superioriteit van die nuwe bo die oue word in Jesus gevind — in plaas van net deur diere-offers (soos in die ou verbond) — deur die werklikheid van sy dood en hoëpriesterlike bediening. Met ander woorde, die verlossing wat in die ou verbond aangebied word, is dieselfde as dié van die nuwe verbond. In die nuwe was daar egter ‘n groter, meer volledige openbaring van die God van die verbond en sy liefde vir die gevalle mensdom, geopenbaar. Dit is beter omdat alles wat deur middel van simbole en tipes in die Ou Testament geleer was in Jesus vervul was, en wie se sondelose lewe, Sy dood, en hoëpriesterlike bediening deur die aardse heiligdomdiens gesimboliseer was (*Hebreërs 9:8–14*). In plaas van simbole, tipes en voorbeelde het ons nou Jesus self, nie net as die geslagte Lam wat sy bloed vir ons sondes gestort het nie (*Hebreërs 9:12*), maar wat as ons Hoëpriester in die hemel diens doen om vir ons in te tree (*Hebreërs 7:25*). Hoewel die verlossing wat Hy aanbied dieselfde is, is hierdie vollediger openbaring van Homself en die verlossing wat in Hom gevind kan word soos in die nuwe verbond geopenbaar word, beter as die oue.

Lees Hebreërs 8:5 en Hebreërs 10:1. Watter woord word deur die outeur gebruik om die ou verbond se heiligdomdiens te beskryf? Hoe help die gebruik van daardie woord ons om die superioriteit van die nuwe verbond te verstaan?

Dink hieroor na: Hoekom sal meer kennis oor Christus se lewe, sy dood en hoëpriesterlike bediening vir ons, aan ons ‘n beter begrip van God gee as wat ons uit die aardse heiligdomdiens se rituele van diere-offers kan leer?

Die Priester van die nuwe verbond

Die boek van Hebreërs lê baie klem op Jesus se werk as ons Hoëpriester in die hemel. Dit is 'n feit dat die duidelikste verklaring van die nuwe verbond in die Nuwe Testament in die boek van Hebreërs gevind word waar daar groot klem op Christus as ons Hoëpriester gelê word. Dit is nie toevallig nie. Christus se hemelse bediening word oorvloedig met die beloftes van die nuwe verbond vermeng. Die Ou Testamentiese heiligdomdiens was gebruik om die waarhede van die ou verbond te verkondig of te leer. Die fokus was op offerandes en middelaarskap. Diere was geslag en hulle bloed was as bemiddeling deur die priesters gebruik. Hierdie was natuurlik alles simbole van die verlossing wat net in Jesus gevind kan word. Daar was geen redding in en deur hulle te vinde nie.

Lees Hebreërs 10:4. Hoekom is daar geen verlossing in die dood van hierdie diere te vinde nie? Hoekom is die dood van 'n dier nie genoegsaam om verlossing te bewerkstellig nie?

Al hierdie offerandes en die priesterlike middelaarskap wat daarmee saamgegaan het, was in Christus vervul. Jesus het die Offer waarop die bloed van die nuwe verbond gebaseer is, geword. Christus se bloed het die nuwe verbond bekrachtig en die Sinaitiese verbond “oud” of nietig verklaar. Die ware Offer was eens en vir altyd gebring (*Hebreërs 9:26*). Toe Christus gesterf het, was daar geen behoefte vir enige diere om weer geslag te word nie. Die aardse heiligdomdienste het hulle doel bereik.

Lees Matthéüs 27:51 wat vertel hoe die voorhangsel in die aardse heiligdom geskeur het toe Jesus gesterf het. Hoe help daardie gebeurtenis ons om te verstaan hoekom die aardse heiligdom vervang of afgeskaf was?

Die diere-offers was natuurlik met die priesterlike bediening, en die Leviëte wat die offerwerk gedoen en vir die mense met die offerandes in die aardse heiligdom ingetree het, vervang. Toe die offer van diere opgehou het, het die behoefte vir hulle bediening ook tot 'n einde gekom. Alles was in Jesus vervul wat nou met sy eie bloed in die hemelse heiligdom vir ons intree (*lees Hebreërs 8:1–5*). Hebreërs bekrachtig Christus as Hoëpriester in die hemel, Hy wat deur sy eie bloed in die hemel ingegaan het (*Hebreërs 9:12*), en nou vir ons intree. Dit is die fondament van die hoop en belofte wat ons in die nuwe verbond het.

Hoe laat dit jou voel deur te weet dat Jesus deur Sy eie bloed nou in die hemel namens jou diens doen? Hoeveel vertroue en sekerheid met betrekking tot verlossing gee dit aan jou?

Vir verdere studie:

“Deur saam met Sy dissipels brood en wyn te neem, het Christus Hom verbind om hul Verlosser te wees. Hy het die nuwe verbond aan hulle opgedra waardeur almal wat Hom ontvang, kinders van God word en mede-erfgename van Christus. Deur hierdie verbond was elke seën wat die hemel in hierdie en die toekomstige lewe kan uitstort, hulle s’n. Hierdie verbondsakte sou deur die bloed van Christus bekragtig word. En die hou van die sakrament sou hulle herinner aan die perkelose opoffering wat vir elkeen van hulle individueel gemaak is as deel van die gevalle mensdom se groot gebod.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 659. “Die mees treffende kenmerk van hierdie verbond van vrede is die buitengewone oorvloed van vergifnis en genade wat aan die sondaar voorgehou word wanneer hy berou kry en sy sonde versaak. Deur die Heilige Gees word die evangelie as verlossing deur God se tere barmhartighede aangebied. ‘Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede,’ sê die Here aan diegene wat berou het oor hulle sonde, ‘en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie’ (Hebreërs 8:12). Skuif God sy geregtigheid opsy wanneer Hy genade aan die sondaar betoon? Nee; God kan nie sy wet ignoreer deur toe te laat dat dit oortree word en die oortreding dan ongestraf laat bly nie. Onder die nuwe verbond is volmaakte gehoorsaamheid die voorwaarde vir die ewige lewe. Wanneer die sondaar berou kry en sy sonde bely, sal hy vergifnis ontvang. Deurdat Christus namens ons gesterf het, word vergifnis vir die sondaar gewaarborg. Christus het die vereistes van die wet vir elke berouvolle sondaar wat glo, nagekom.” — Ellen G. White, *God’s Amazing Grace*, bl. 138, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

- 1. Wat is meer voordelig, om die wet in die hart of op kliptafels geskrewe te hê? Wat is makliker om te vergeet, die wet op kliptafels of die wet wat in die hart geskryf is?**
- 2. Van die begin van die mens se sondeval af was verlossing deur Jesus alleen die enigste uitweg, selfs al het die openbaring van daardie waarheid gedurende die verskillende tydperke (epogge) van die geskiedenis verskil. Is dit nie ook die geval met die verbonde nie?**
- 3. Lees die tweede Ellen G. White aanhaling in vandag se studie. Wat beteken dit as sy praat van “volmaakte gehoorsaamheid” as vereiste vir ‘n verbondsverhouding? Wie is die enigste Een wat “volmaakte gehoorsaamheid” voorsien het? Hoe voldoen daardie gehoorsaamheid namens ons aan die vereistes van die wet?**

Opsomming: Die nuwe verbond is ‘n groter, meer volledige en beter openbaring van die Plan van Verlossing. Ons wat deel daarvan word, doen dit deur geloof, ‘n geloof wat in gehoorsaamheid aan die wet wat op ons harte geskryf is, geopenbaar word.